

Inligtingsbrosjyre vir Suid-Afrikaanse Gasgesinne 2012

Die FSA nooi Suid-Afrikaanse gesinne uit om
aansoek te doen om as gasgesin vir
uitruilleerlinge
uit Duitsland op te tree. Ons verseker u dit
gaan opwindend wees!

Klink die gedagte om vriende in **verre**
lande te hê aanloklik?



Dit is 'n fantastiese geleentheid vir
gasgesinne om hulle kinders blootstelling te
gee aan die verrykende invloed van 'n vreemde
kultuur!

In die verlede het soveel mooi en blywende
vriendskappe tussen **gasgesinne** en
buitelandse gaste ontstaan. Dit is wat ons
ook hierdie jaar wil doen: Ons wil 'n brug
tussen twee vreemde gesinne bou, wat later
tot gereelde kontak en selfs besoeke kan lei.

Gasgesinne huisves Duitse leerlinge
sonder om vergoeding te ontvang. Die
vergoeding is **onmeetbaar** in terme
van **vriendskappe** wat gevorm word!
Die Duitse gasgesinne word ook nie
vergoed om ons SA-leerlinge te huisves
nie.

1. Wanneer vind die besoeke plaas?

Vyf groepe Duitse leerlinge besoek
elke jaar gesinne in Suid-Afrika. Die
besoeke word deur die **FSA**
Jeuguitruil (FSA Youth Exchange)
georganiseer. Gedurende hierdie
tyd woon hulle by Suid-Afrikaanse
gasgesinne en leer hulle ons land,
ons tale, ons leefwyse en
uiteenlopende kulture ken deur self
daarvan deel te wees.

2. Datums:

- Vier weke = Junie—Augustus (3 groepe)
- Drie maande = Julie - September
- Vier weke = Desember - Januarie

3. Wat van skoolbywoning?

'n Deel van die besoek val wel buite die
Suid-Afrikaanse skoolvakansie. Dit is
ook die geval met ons Suid-Afrikaanse
deelnemers wat elke jaar met die
teenbesoek na Duitsland kort voor die
eindeksamen daar skool bywoon vir die
ervaring.

Ons wil graag hê dat die leerling **saam met u kind skool toe gaan** sodat hy die verskil in die opvoedingstelsels kan ervaar.

Die kortprogramgaste (Julie en Desember) is net besoekers wat waarneem en nie aktief aan die onderrig deelneem nie.

Hierteenoor moet **langprogramgaste aktief deelneem aan die akademiese program** by die skool d.w.s. klasse bywoon, huiswerk doen, toetse en eksamens skryf.



4. **Wie is ons besoekers?**

Die besoekers is **veertien jaar** en ouer. Hulle kom uit alle provinsies van Duitsland. Dit is dus nie 'n uitruilprogram met net een skool of stad nie.

5. **Hoe lyk ons gasgesinne?**

Ons nooi alle Suid-Afrikaanse gesinne uit om aansoek te doen om 'n gas vir ongeveer **vier weke** of **drie maande** te huisves. Dit maak nie saak of gesinne in 'n stedelike of plattelandse gebied woon nie. Gesinne word gekeur.

6. **Wat verwag ons van gasgesinne?** enkele vereistes :

- Gesinne moet **gasvry en verdraagsaam** wees en **met 'n oop gemoed na die lewe kyk**. Die Duitse gaste se voorkoms is soms vir ons vreemd (soms neus- en/of ooringe, ongewoon gekleurde of lang hare - ook soms die seuns),
- Dis verkieslik dat 'n gasgesin 'n kind / **kinders het van ongeveer dieselfde ouderdom** as die gas.
- Gasgesinne is **verteenwoordigers van Suid-Afrika**. Kan u u daarmee vereenselwig?
- Daar is **geen spesifieke voorskrifte** ten opsigte van 'n spesifieke **besigtigings-program** wat deur gesinne vir die gas aangebied moet word nie. **Bied bloot aan hom / haar die moontlikheid om aan u gesinslewe deel te neem**. Leerlinge moet egter nie vir die duur van haar verblyf aan haarself oorgelaat word nie.

Ons sal dit baie waardeer as u aan hom / haar 'n **paar besienswaardighede** in u omgewing en stad /dorp kan wys. Dit sou jammer wees as die gas 10 000 km ver moes vlieg en dan net die pad skool toe sou leer ken. Doen vir u gas wat u vir u kind sou wens as sy op 'n vreemde kontinent by 'n vreemde gesin sou wees.

- Die gas eet alle etes met u gesin. Ons verwag dat **die gas dit eet wat u gesin normaalweg eet**.

- 'n **Eie kamer is nie 'n voorwaarde** nie en dis in orde dat die gas 'n kamer deel met een van u kinders van dieselfde geslag. 'n Eie bed is egter 'n vereiste.
- **Kennis van Duits is geensins noodsaaklik** nie. Alle kommunikasie vin in Engels plaas aangesien leerlinge almal Engels as skoolvak het en basiese Engels 'n keuringsvoorwaarde vir hulle is.



- Almal is bewus van die situasie t.o.v. misdade in Suid-Afrika. Dit is wel belangrik dat gasgesinne in **politie stabiele gebiede** woon.
- Die gasgesin dra **geen verantwoordelikheid** indien die gas op 'n privaat uitstap beseer of beroof sou word nie. Ons lig deelnemers in oor die situasie in Suid-Afrika en dat hulle op die gasgesin se aanbevelings ag behoort te slaan.

7. Watter ander uitgawes gaan dit behels?

Buiten sy **verblyf en etes** het u geen verdere onkoste nie. Elke deelnemer aan die program het 'n retoervliegkaartjie, mediese en ongeluksversekering en het haar/sy eie sakgeld. Geen vergoeding aan gasgesinne is ter sprake nie, vanweë die

wedersydse aard van die program.

8. Waar word leerlinge afgehaal?

Indien u nie u leerling in **Johannesburg** op die lughawe kan kom haal nie, moet u asseblief op die aansoekvorm aandui na watter **binnelandse lughawe** toe hy / sy moet vlieg van waar u hom / haar sal gaan haal.

Nadat ons u aansoekvorm ontvang het, gaan u verder kommunikasie ontvang met interessante inligting om die tyd vir u met u gas makliker te maak. Net soos ons Duitse gasgesinne gaan u baie pret hê met die voorbereiding en besoek van die leerlinge.

9. U is tydens die besoek altyd verseker van FSA ondersteuning.

Gedurende die verblyf van die Duitse gaste is daar altyd 'n FSA skakelpersoon met wie u kan kontak maak indien u raad sou benodig of 'n probleem sou ondervind. Dieselfde geld ook vir die gas.





Alle navrae deur voornemende Suid-Afrikaanse gasgesinne :

Ons program vanaf Duitsland

FSA Youth Exchange (Suzanne)
Posbus 10618, Fonteinriet, 1464

Tel: 0 1 1 / 9 1 8 3 2 8 1

Faks: 086 551 4377

E-pos:

suzanne@fsa-youthexchange.co.za

Webblad:

<http://www.fsa-youthexchange.com>

10. Ons het verwysings beskikbaar as u sou belangstel

Ons vorige deelnemers is ons beste verwysings vir die uitruilprogram.

Indien u eers met so 'n gasgesin wil gesels, skakel gerus vir 'n naam en telefoonnommer.

11. Waar kan voornemende gasgesinne aansoekvorms kry vir 2012?

Aansoekvorms is verkrygbaar by die betrokke onderwyser by u skool sowel as op die webwerf

<http://www.fsa-youthexchange.com>.

Julle kan ook elektronies aansoek doen deur die aanlynaansoek te voltooi en per e-pos terug te stuur - sien op die webwerf.

Ons nooi u uit om deel te word van 'n buitengewone groep mense wat onmeetbare waarde tot hulle ervarings toegevoeg het deur hulle deelname aan hierdie uitruilprogram.

Waar kry voornemende uitruilstudente na Duitsland aansoekvorms?

By u skool of op die Suid-Noord webwerf:

Ons program na Duitsland

FSA Youth Exchange (Lodie)

Posbus 511, Naboomspruit, 0560

Tel/ Faks: 0 1 4 / 7 4 3 1 0 8 1

E-pos: admin@fsa-youthexchange.co.za

Webblad: <http://www.fsa-youthexchange.co.za>

Stuur asseblief die volledig voltooide aansoekvorm so gou as moontlik terug.

Sluitingsdatums vir aansoeke is ongeveer 2 maande voor die aanvang van 'n program.

30 April vir Junie-/ Julieprogram

22 September vir Desemberprogram

Die FSA uitruilprogram brei steeds uit en honderde Suid-Afrikaanse en Duitse gesinne het reeds hulle horisonne letterlik en figuurlik verbreed daardeur.

This brochure is also available in English